# KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB (KKVK)

## VRYWARINGSVORM: LEDE

***Neem asseblief deeglik kennis van die inligting hier onder, voltooi die vorm volledig en dien dit saam met die lidmaatskap-aansoekvorm in.***

Hiermee verklaar ek, ______________________________________________________________
(identiteitsnommer, voorletters en van) soos volg:

1. Ek is ten volle bewus van die moontlike algemene risiko's wat voetslaanaktiwiteite inhou, insluitend maar nie beperk nie tot die volgende:
   - Besering, bv. verstuiting/breek van enkel of ander ledemate weens onversigtige, nalatige of onverantwoordelike optrede van die individu. ***Wees versigtig, veral by moeilike plekke.***
   - Blootstelling aan hoogtes (hoogtevrees). ***Laat iemand jou help.***
   - Slangbyt, skerpioensteek, bysteek, spinnekop-byt ens. ***Hou jou oë oop hiervoor, en neem jou bysteek-allergiepille saam.***
   - Hitte-uitputting, sonsteek en ontwatering weens blootstelling aan die son. ***Beskerm jou teen die son, en drink gereeld genoeg water.***
   - Blootstelling aan koue: reën, sneeu, yswind, temperature onder vriespunt. ***Neem genoeg warm klere en 'n reënbaadjie saam.***
   - Blootstelling aan onverwagte veldbrande. ***Vlug weg van die vuur af – doen wat nodig is.***
   - Verdrinking weens onverantwoordelike inspring/induik en besering in poele/riviere of tydens oorsteek van riviere. ***Wees versigtig, en moenie inspring/induik waar jy nie kan sien wat onder die water is nie.***
   - Beweeg te naby aan afgronde – 'n mens kan gly en val, of die wind kan jou daar afruk. ***Hou 'n veilige afstand van afgronde af, en moenie iemand naby 'n afgrond skrikmaak nie. Wees versigtig.***
   - 'n Persoon wat afdwaal of wegstap van die groep kan hom-/haarself in gevaar stel. ***'n Vaste en onbetwisbare reël van die klub is dat elke deelnemer tydens 'n aktiwiteit DEURENTYD sigbare kontak MOET hou met die persoon agter hom/haar en moet wag wanneer die persoon buite sig raak, en elke stapper het 'n verantwoordelikheid om te help om na die welsyn van die stapper voor en agter hom/haar om te sien.***
2. Ek is fiks genoeg en fisies en medies geskik om deel te neem aan die voetslaanaktiwiteite waaraan ek verkies om deel te neem.
3. Ek neem kennis dat die organiseerder(s) van 'n aktiwiteit alle redelike maatreëls sal tref om deelnemers vir die volle duur van die aktiwiteit, vanaf vertrek tot terugkeer, veilig te hou. Ek verstaan egter dat dit my verantwoordelikheid is om my te vergewis van die moeilikheidsgraad, afstande, aard van die terrein, weersomstandighede, blootstellingselemente en ander kritiese besonderhede van 'n voetslaanaktiwiteit voordat ek daaraan deelneem, dat ek vrywillig en op eie risiko aan aktiwiteite van die klub deelneem, aanvaar volle verantwoordelikheid vir my veiligheid tydens die duur van 'n aktiwiteit, en vrywaar die Klein Karoo Voetslaanklub, sy bestuur, die organiseerder van 'n aktiwiteit en lede teen enige eis vir besering, skade of verlies van watter aard ook al, onwettighede uitgesonder, voortspruitend uit my deelname aan 'n aktiwiteit.

______________________________ ______________________________

**HANDTEKENING** **DATUM**